VOLKSBLAD
09 Feb 2015, p.4

Nuwe geboue hupstoot vir skole

Jana Smit

KROONSTAD. – Splinternuwe toegeruste geboue is Saterdag aan drie skole hier oorhandig as deel van 'n projek wat die uitbreiding van infrastruktuur bevorder.

Dié oorhandiging volg op 'n ooreenkoms wat in 2013 deur die Kagiso-Shanduka-trust (KST), 'n onderwysontwikkelingspesialis, en die Vrystaatste onderwysdepartement aangegaan is. Dié ooreenkoms sal by 428 skole in die Fezile Dabi- en Motheo-distrik in die provinsie geld.

Cyril Ramaphosa, adjunkpresident van Suid-Afrika en voorsitter van die Shandukastigting, Tate Makgoe, Vrystaatse LUR vir onderwys, en eerw. Frank Chikane, voorsitter van die Kagiso-trust, het die oorhandigings bygewoon.

KST het 'n ten volle toegeruste biblioteek aan die Gekombineerde Skool Thakameso, drie klaskamers en opgeknapte ablusiegeriewe aan die Laerskool Ntha en gr. O-klaskamers aan die Laerskool Phomolong oorhandig.

Adj.pres. Cyril Ramaphosa, ook voorsitter van die Shanduka-stigting, met die oorhandiging van nuwe klaskamers en opgeknapte ablusiegeriewe by die Laerskool Ntha. Foto: JANA SMIT

Meer as 66 skole het reeds by die projek baat gevind.

Ramaphosa het gesê die programme gaan oor meer as bakstene en sement. "Deur 'n holistiese benadering en met werksessies wat ons aanbied, word die moreel van onderwysers en leerlinge gelig.

"Die gesondheid en maatskaplike behoeftes van kwesbare leerlinge word gehanteer."

Hy het gesê die projek gaan oor die ontwikkeling van 'n skool in sy geheel en om vir die swart kind 'n liefde vir onderrig te ontsluit.

Chikane het gesê só 'n projek kan slegs suksesvol wees wanneer dit in vennootskap met die regering aangebied word en sy strategie in ooreenstemming met dié van die onderwysdepartement is.

"As ons saamwerk, kan ons 'n verskil in die Vrystaat maak."

Maserame Chala, hoof van die Laerskool Phomolong, het gesê die voordeel wat leerlinge uit die materiaal en speelterrein ontvang, is 'n bonus. " 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees," het sy gesê.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.